



Nuusbrief van Privaatskool Elnatan

Omsendbrief nr. 9

Belê in die toekoms deur kinders lief te hê en hulle goed te onderrig.

10 Maart 2017

Geagte Ouers

Uit die kantoor

Skoolsluiting en Ouervergadering

Die skool sal volgende Vrydag, 17 Maart, om 10:00 vir die einde van die eerste termyn sluit. Tydens die vakansie sal NAPSO Atletiekbyeenkoms in Swakop plaasvind. Die skool sal weer op 18 April om 08h00 begin met 'n saalopening en ouervergadering direk daarna. Indien u enige agendapunte het wat u bespreek wil hê, kan u dit vir my stuur by skoolhoof@elnatan.com, voor Donderdag, 16 Maart 2017.

Afrikaanse leesboeke

Ons wil graag ons kinders aanmoedig om te lees en daarom soek ons na Afrikaanse leesboekies wat u vir ons kan skenk, asseblief.

Sosiale media

Ons het die afgelope week opnuut ervaar hoe gevaarlik die sosiale media kan wees. In die jongste voorval het die skool 'n skrywe van 'n prokureursfirma ontvang na aanleiding van 'n whatsapp-boodskap wat verlede jaar op die Elnatan-Ouergroep verskyn het. Die saak is by die Ministerie van Basiese Onderwys gerapporteer en die Direksie het die saak aan 'n regs persoon oorhandig om dit namens ons te behartig.

Omdat die betrokke groep as "Elnatan-Ouergroep" bekendstaan, word dit gesien as die amptelike mondstuk van die skool, wat nie die geval is nie. Hierdie groep is 'n vrywillige groep en persone wat daaraan behoort, mag self boodskappies plaas. Die groep se naam sal voortaan verander word om nog so 'n geval te vermy. Die **Elnatan Inligtingsgroep** sal verander na 'n "Broadcast-groep" sodat niemand anders buiten die kantoor, boodskappe kan plaas, nie.

Ek pleit opnuut by ouers om bedag te wees oor wat geplaas word. Die sosiale media is kragtig en kan groot skade aanrig.

Finansiële Kantoor

Let asseblief daarop dat alle skool- bus- en Palmpikkiegelde voor die 7de van elke maand betaal moet wees. Rapporte/Vorderingsverslae sal nie aan leerlinge met uitstaande rekeninge oorhandig word nie.

Die ouers met leerlinge in Graad R en RR se bedrae is nog nie op die skoolstate geplaas nie. Vanaf Maandag sal u dus die korrekte state ontvang.

Wynveiling

Hierdie jaar se wynveiling vind op 7 Junie in Windhoek plaas. Die koste van kaartjies beloop N\$450.00 per persoon. Christo & Kobus van Die Broers is die gaskunstenaars en Jean Engelbrecht sal die aand saam met ons geniet. Borge word nog gesoek vir die vliegkaartjies, dekor en klank en enige ander bydraes sal waardeer word. Kontak asseblief vir Heletjè by 0812724666.

Hamburgers

Daar sal Vrydag, 17 Maart, hamburgers beskikbaar wees teen N\$25 elk. Stuur u bestellings aan Christina Brand by 081 823 2407 of na die kantoor.

25-Jarige feesvieringe

Die reëlings van Elnatan se 25-jarige feesvieringe het al begin vorm kry. Indien u enige idees, borge of hulp kan aanbied, kontak Louisa Campbell by 0812819074.

Ons dank aan ons Hemelse Vader vir reën wat geval het en ons vertrou dat daar nog voldoende reën sal val.

Elnatangroete

Dekker Vermeulen

Afwesighede vir die week

Skool	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Totaal
Jnr. Primêr	1	1	1	1	1	5
Snr. Primêr	0	0	0	0	2	2
Hoërskool	0	1	1	4	4	10
						17

Belangrike Datums


17 Maart Skool sluit 10:00
24-25 Maart NAPSO Atletiek Swakopmund
18 April Skool open 08:00
Ouervergadering




Afrika Aartappel Produkte

Vir navrae of bestellings kontak

Melanie Liebenberg

 WhatsApp +264812977819

 greenleaf@iway.na



UIT DIE WOORD

- * Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na. (Ps. 34:15)
- * Ek wil luister na wat God die Here sê, want sy woord bring vrede vir sy volk. (Ps. 85:9)
- * Wie reg doen sal vrede hê; wie volhard in regdoen, sal vir altyd rus en sekerheid geniet. (Jes. 32:17)
- * Vrede laat Ek vir julle na; My vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. (Joh. 14:27)

WYSE WOORDE

- ~ "n Doel in die lewe is die weg na vrede. (Rick Warren)
- ~ As jy vrede in hierdie wêreld en hierna wil vind, vra jou in alle omstandighede af: Hoe tree ek op? Hoe lyk my gewete? En moet dan niemand veroordeel nie. (Josef Panefisus)
- ~ Niemand kan vir jou vrede waarborg nie; dit kan net bereik word deur begrip. (R Emerson)
- ~ Vrede is nie iets waarvoor jy wens nie. Dit is iets wat jy maak, wat jy doen. Dit is iets wat jy is en wat jy weggee. (Robert Fulghum)

SAKE VIR GEBED:

- Dank aan ons Vader vir onverdiende seën elke dag.
- Ons dink aan leerlinge en ouers wat siek is en operasies moet ondergaan. Vir seën en wysheid aan elkeen in 'n gesagsposisie in ons overhuisse, skole, regering, sowel as vir ons buurland en hul boeregemeenskap.
- Gebede gaan uit na die ouers, familie, leerlinge en personeel van KPS met die afsterwe van Ruan Cronjé, 'n leerling van die skool.



JAGGELEENTHEID GESOEK



Jaggeleentheid Met Verblyf Gesoek Vir 3 Personse Vir

Gemsbok en/of Springbok.

SMS na Dawid van der Merwe +27 82 5561590 (hy sal u terugskakel)



PALMALARM – SPORTKANTOOR

1. Atletiek

Baie geluk aan Danel Dreyer wat tydens die Hoërskool Hardapstreek byeenkoms aangewys as die Senior Victrix Ludorum. Daar het 18 skole aan die byeenkoms deelgeneem. Ons is trots op jou.

2. Boogskiet

Graag wil ons die volgende inligting deurgee :

- Leerlinge kan vanaf Gr. 5 deelneem.
- Ouers moet 'n toestemingsbrief voltooi. Toestemingsbriewe sal aan leerlinge gegee word.
- Beginners sal net op Woensdae oefen.
- Indien 'n leerling op standard is, sal hy/sy oorgeskuif word na die kompetisiegroep.
- Volledige oefentye sal op die sportrooster deurgegee word.
- Indien daar enige navrae is kontak vir Carine Kruger of Debbie Lubbe.

3. Hardap Streeksbyeenkoms

Sien aangeheg die program en Inskrywings vir die Laerskool Streekbyeenkoms.

wat Saterdag, 11 Maart 2017 by St Joseph's in Rehoboth om 08:00 begin.

Ek vra om verskoning vir die laat program, maar ons het dit eers vanoggend ontvang.

Lekker naweek.

Groete

Wessel Pienaar
SPORTORGANISEERDER

